Oker Kortfilmfees

082 057 4936
films@oker.co.za

# TEMA: *Vertel ons storie*

## HOE SKRYF EK IN?

### Stap 1

Kies jou kategorie:

| | Onder 25 | Onder 125 | Animasie | Advertensie |
|---|---|---|---|---|
| Inskrywingsfooi | Φ100<br>Φ50(laerskoolkinders) | Φ100 | Φ100 | Φ500 |
| Lengte | 2-5 minute | 2-5 minute | 2-5 minute | <90 sekondes |

### Stap 2

Maak jou eie **Afrikaanse** kortfilm of advertensie. Dit kan tussen 2-5 minute lank wees (90 sekondes vir advertensies) en dit moet relevant tot die tema wees. Jou selfoon is voldoende, maar gebruik die beste klank en beeld moontlik! Jy mag jou eie prentjies of animasie gebruik.
Onthou dat liedere en beelde met kopiereg NIE sonder toestemming gebruik mag word NIE.
Redigeer jou video op enige manier wat jy goedvind.

***Lees die Reëls en Regulasies behoorlik deur!**

### Stap 3

Skep jou eie YouTube kanaal. (https://youtu.be/O9DRBHmlw9o) as jy nie weet hoe nie. **Onthou om die video as ongelys te stel** sodat ander dit nie sien nie! Laai jou video op jou kanaal. Nou kan jy seker maak dit vertoon presies soos jy dit wil hê.
Maak 'n skakel vir jou video en stuur dit saam met jou inskrywing in.

### Stap 4

Betaal jou inskrywingsfooi per video wat jy wil inskryf, deur 'n OSK inbetaling of FNB inbetaling te maak. Die bewys van betaling moet ook jou inskrywing vergesel. Hier is die onderskeie rekeningnommers:

**Filmfees**
**OSK: GF060**
**Verwysing: Naam&van Filmfees**

**OF**

**Orania Kunsteraad**
**FNB Tak 250655**
**Tjekrekening: 62930914644**
**Verwysing: Naam&van Filmfees**

## Stap 5

Wanneer jy die inskrywingsvorm begin invul, hou die skakel na jou video en jou bewys van betaling gereed. Die inskrywingsvorm is op ons webwerf: www.oker.co.za. Dien jou inskrywing in voor of op 31 Julie 2026.

Die finaliste sal op Vrydag 14 Augustus 2026 tydens die Afrikaanse Kortfilmfees-aand vertoon word. Dit word op 'n groot skerm in die Gemeenskapsaal uitgesaai. Die wenners word ook die aand aangewys.

# Reëls en Regulasies

*Dit is baie belangrik dat jy deeglik deur die reëls en regulasies lees!*

**Kategorieë**

1. Die kategorieë word bepaal deur die oudste persoon in die vervaardigingspan. Die vervaardigingspan is: die draaiboek-/ storieskrywer, die kameraman, die klankman, die redigeerder van die video en enige ander persoon wat met die vervaardiging te doen het! Dit sluit die akteurs uit. Dit beteken as kinders onder 25 jaar die hele video self opneem en vervaardig, maar hulle gebruik vir mamma of oupa as akteurs in die video, hulle sal inskryf vir die onder 25 kategorie. Daar word op elke inskrywing se integriteit staatgemaak om eerlik te wees.

**Tydsduur**

2. Die Korftilms se lengte moet tussen 2 – 5 minute lank wees. Korter of langer films sal gepenaliseer word in die beoordeling.
3. Die advertensie-inskrywings moet minder as 90 sekondes wees.

**Musiek**

4. Geen musiek onder kopiereg mag sonder toestemming gebruik word nie! Ongemagtigde gebruik van sulke musiek sal die inskrywing penaliseer. Indien toestemming verkry is, MOET dit aan die einde van die film vermeld word.

**Beoordeling**

5. Die matriks wat gebruik word in die beoordelings sluit in: Kwaliteit van Afrikaans, beeldmateriaal, klankbaan, storielyn (is dit getrou aan die tema?), emosie en kreatiwiteit.
6. Enige gebruik van KI in die kategorieë o/25, o/125 en Animasie sal gepenaliseer word of gediskwalifiseer word
7. Advertensie filmpies kan KI gebruik, maar die kreatiewe en oorspronklike aanwending daarvan sal by beoordeling oorweeg word.
8. Jou kortfilm moet familie-vriendelik wees en geen kru-taal of onfatsoenlike gedrag ten toon stel nie.
9. Dit gaan oor Afrikaans. Gebruik jou taal suiwer en slegs waar van toepassing mag jy iets anders as suiwer Afrikaans gebruik. Tekslose of stilfilms sal nie gepenaliseer word nie.
10. Meld die hele vervaardigingspan, akteurs en enige musiek wat gebruik is aan die einde van jou video. Dit hoef nie by die tydsduur van die video ingereken te word nie. Advertensievideo's hoef nie erkennings te bevat nie.
11. Voeg aan die einde van jou erkennings by: ingeskryf vir die OkeR Kortfilmfees2026
12. Die film wat jy inskryf, mag nog nooit voorheen êrens gewys het of gepubliseer gewees het nie.
13. Orania-inwoners: Om in aanmerking te kom vir 'n prys, moet jy of 'n Orania-inwoner wat jy aanwys, self by die Gala-aand teenwoordig kan wees om moontlike pryse te ontvang. Uitwoners (as jy NIE in Orania woon nie): Om in aanmerking te kom vir 'n prys, moet jy of iemand wat in jou vervaardigingspan is, self by die Gala-aand teenwoordig kan wees om moontlike pryse te ontvang..

# Wenke

- Dit is beter vir die grootskerm vertoning as jou video in landskap geskiet is, portret of regop-videos vertoon klein op 'n grootskerm.
- Wanneer jy jou video op youtube laai, laai dit op die hoogste moontlike kwaliteit op. Dit is die weergawe wat op die grootskerm vertoon sal word.
- Gee gerus erkenning aan die vervaardigingspan en die akteurs aan die einde van die video.
- Watter musiek het kopiereg op? Die meeste liedjies wat jy op aanlyn-platforms kry, het kopiereg op.
- Maak jou eie musiek, of soek musiek waarop daar nie kopiereg is nie.

Kyk gerus na die volgende video: https://youtu.be/Qfk1PoJcI1s

**LET WEL:**

**Die uitbetaling van prysgelde is onderhewig aan die gehalte en hoeveelheid inskrywings. Die organiseerders behou die reg voor om geen wenner, of 2de of 3de plekke, aan te wys of prysgeld uit te betaal nie indien die inskrywings te min is of nie van 'n aanvaarbare standaard is nie. Die beoordelaars se beslissing hieroor is finaal.**